2018/02/13
08:53 AM

Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2018/02/13	DATUM 2018/02/12			+ - LAST WEEK 2018/02/05		BY DIE GELD PUT OPSIE			
								WM	YM	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	*Data*	JULIE '18 TERMYNPRYS	R 1 934.00	R 2 002.00	
DJIA-index	24601	410.37	1.7%	24191	-7.6%	26617	PUT TREFPRYS	R 1 940.00	R 2 020.00	
Goud (Spot)	1325.92	2.36	0.2%	1323.56	-4.2%	1384.67	PUT PREMIE	R 121.86	R 130.17	
Brent $/vat	62.99	-0.40	-0.6%	63.39	-10.8%	70.45				
1 € / US$	1.2317	0.006	0.4%	1.2262	-0.6%	1.2415	MINIMUM SAFEX PRYS	R 1 818.14	R 1 889.83	
1 US$ / ZAR	11.93	-0.030	-0.3%	11.96	0.6%	11.86				
Corn	R 1 723.65	5	0.3%	R 1 718.57	*CBOT Corn Mrt cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Mrt 12:00 the previous day					
Wheat	R 2 013.15	25	1.3%	R 1 987.77	* CBOT Wheat Mrt cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Mrt 12:00 the previous day					
Soybeans	R 4 343.03	-7	-0.2%	R 4 349.60	* CBOT Soy Mrt cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Mrt 12:00 the previous day					

Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)							WEEK NR.	MIELIE UITVOERE		
Corn Mar 18	367.00	2.00	0.5%	365.00	Daaglikse pariteitspryse gelewer in Randfontein		39	WM	YM	TM
Wheat Mar 18	464.00	7.00	1.5%	457.00			WEEK TOTAAL	9 028	3 858	12 886
Soybeans Mar 18	1001.00	1.00	0.1%	1000.00			JTD TOTAAL	568 624	1 217 882	1 786 506
PLAASLIKE MARKINLIGTING					Invoerpariteit	Uitvoerpariteit	UITVOERBAAR	2 500 000	1 850 000	4 350 000
SORGHUM Mar '18	2980.00	0.00	0.0%	2980.00	3774.01	1856.78	JTD AS % VAN UITVOERBAAR	23%	66%	41%
WMAZ Spot	1814.00	-13.00	-0.7%	1827.00	3242.31	1533.29	TEMPO/WEEK BENODIG	148 567	48 624	197 192
WMAZ Mar 18	1827.00	-12.00	-0.7%	1839.00	3193.52	1485.46		MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS		
WMAZ Jul 18	1934.00	-14.00	-0.7%	1948.00	3265.55	1556.07	WEEK TOTAAL	3 372	2 552	5 924
YMAZ Spot	1905.00	-10.00	-0.5%	1915.00	3193.52	1485.46	JTD TOTAAL	9 590 676	6 466 323	16 056 999
YMAZ Mar 18	1962.00	28.00	1.4%	1934.00	3193.52	1485.46	NOK SKATTING + REGSTELLINGS	9 642 750	6 451 250	16 094 000
YMAZ Jul 18	2002.00	-11.00	-0.5%	2013.00	3265.55	1556.07	% GELEWER VAN OES	99%	100%	100%
SOY Spot	4536.00	59.00	1.3%	4477.00	5924.37	3797.75	TEMPO /WEEK BENODIG	4 006	-1 159	2 846
SOY May 18	4665.00	69.00	1.5%	4596.00	6356.54	4090.00		KORING INVOERE		
SUN Spot	4730.00	65.00	1.4%	4665.00	5772.84	4001.05		2017/18	2016/17	5 Jr. GEM
SUN May 18	4770.00	42.00	0.9%	4728.00			WEEK TOTAAL	22 419	17 999	23 596
WHEAT Spot	3635.00	5.00	0.1%	3630.00	4011.65	1574.76	JTD TOTAAL	702 491	137 438	502 879
WHEAT Mar 18	3653.00	1.00	0.0%	3652.00	4743.14	2160.72	TOTAAL BENODIG	2 000 000	930 728	1 622 999
WHEAT May 18	3770.00	4.00	0.1%	3766.00	4879.84	2294.74	JTD AS % VAN BENODIG	35%	14.8%	31%

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Markoorsig: Die rand kry vanoggend weer steun na nog 'n mosie van wantroue teen die huidige President, mnr. Jacob Zuma. Die ANC wil die President herroep, wat positief is, veral teenoor die plaaslike wisselkoers. Die rand bly egter volatiel, met die politieke gesprekke wat voortduur. Tans verhandel die rand teen sowat R11.94 teenoor die dollar. Brent-ru-oliepryse verhandel laer, met pryse wat daagliks daal te midde van verhoogde Amerikaanse skaliegas produksie en 'n sterker dollar. Voortgesette laer oliepryse en 'n sterker rand kan lei tot groter afname in plaaslike brandstofpryse. Tans verhandel Brent-ruolie teen ongeveer $62,99 per vat.

Mielies: VSA mielieprys het hoër geëindig en het sommige van die verliese wat Vrydag gely is, teruggekry. VSA mielieprys het ondersteuning gekry van hoër sojaboon- en koringpryse na positiewe uitvoerdata wat deur die USDA vrygestel is. VSA mielies se weeklikse uitvoerverkope was egter nie so hoog soos wat verwag is nie. Uitvoerverkope het 835 704 ton bereik, wat laer as die 1,1 miljoen ton van 'n week gelede was. Dié uitvoerverkope was in die onderste band van die handelsskattings. Japan was die voorste uitvoerbestemming, gevolg deur Mexiko. In 'n tender wat deur Suid-Korea vrygestel is, is 119 386 ton Amerikaanse mielies Maandag aangekoop, met lewering tussen April en Mei 2018. **Plaaslik:** Soos verwag, het die plaaslike mielieprys onder druk gekom, met wit- en geelmielies wat laer geëindig het. Geelmielie later kontrakmaande was 'n uitsondering, aangesien pryse daarin geslaag het om klein bietjie te styg, terwyl nader maande negatief gesluit het. Die effens sterker rand het pryse onder druk geplaas. Wit- en geel spot kontrakmaande het klein verliese getoon en het met 0,71% en 0,52% gedaal en teen R1 814 per ton en R1 905 per ton onderskeidelik gesluit.

Sojabone: Sojaboonpryse het die week op 'n goeie noot begin, met dubbele syfer toenames vir beide belangrike kontrakmaande. VSA sojaboonpryse het ondersteuning gekry as gevolg van die volgehoue droogte in Argentinië, wat waarskynlik baie minder reën gaan kry as normaal sowel as die beskadigde sojaboonoes in Brasilië wat veroorsaak word deur te veel reën. Wat die weeklikse sojaboon-uitvoerverkope betref, het inspeksies 1,306 miljoen ton beloop, wat die beramings oorskry het. Verkope was ook effens hoër as die 1.303 miljoen ton van verlede week. China het die meerderheid van die weeklikse sojaboonuitvoere ontvang en het 'n totaal van 789 245 ton ingevoer. Die USDA het Maandag 'n kansellasie van 454 496 ton sojaboonuitvoere aan China aangekondig, maar hierdie getal is gedeeltelik geneutraliseer deur 'n tweede kennisgewing van 312 976 ton vir lewering na 'n onbekende bestemming. Algehele, Amerikaanse sojabone-uitvoerverkope is tans besig om toe te neem, ondersteun deur 'n gesonde sojaboon-aanvraag, veral uit China. **Plaaslik:** Plaaslik het sojaboonpryse ook aansienlike winste vir alle kontrakmaande getoon. Plaaslike sojaboonpryse het die neiging gevolg van internasionale pryse, en gesluit met goeie winste vir die belangrike kontrakmaande. Sojaboon spotprys het met 1,32% hoër op R4 536 per ton geëindig. Sonneblompryse het ook hoër geëindig met goeie winste, met die naaste kontrakmaand wat 1,39% hoër op R4 730 per ton geëindig het.

Koring: VSA koringpryse het aansienlik gestyg, gelei deur die winterkoring wat dubbelsyferwinste vir beide die sagte en harde rooi winterkoring getoon het. Lente koring het ook goeie winste vir beide belangrike kontrakmaande opgelewer. Koringpryse word met droogte in die Pleine gekonfronteer, wat pryse ondersteun. Onlangse voorspellings dui op die moontlikheid van warmer weer wat sneeu in belangrike produksiegebiede kan verminder. Wat die weeklikse koring uitvoerverkope betref, staan inspeksies op 487 154 ton, wat beter was as verlede week se 430 002 ton. Die voorste bestemming vir Amerikaanse koring was Japan, wat 100 697 ton ingevoer het. **Plaaslik:** Suid-Afrikaanse koringpryse het gemeng verhandel, maar meestal hoër. Winste op die plaaslike koringmark was beperk as gevolg van 'n sterker rand. Pryse het daarin geslaag om positief te sluit, hoofsaaklik teen die agtergrond van hoër internasionale pryse.

Plaaslike Markinsigte & Data: *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
Internasionale Markinsigte & Data: *www.usda.co.za*

Opgestel deur *Michelle Mokone en Luan van der Walt* / ***Vir navrae, kontak***: *Michelle@grainsa.co.za/luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.